

SONDAGSKOOL LES: Pinkster

Doel van les:

- Hierdie week gesels ons oor die betekenis van Pinkster en hoe die Heilige Gees ons help om van Jesus te getuig.

Ysbreker:

- **Geheuespeletjie:** Gee vir elke groep 'n blaaie met 50 maniere om iemand te groet. Hulle het nou 3 minute om die blaaie te memoriseer. Neem die blaaie weg en gee 'n verdere 3 minute vir hulle om neer te skryf hoeveel van die maniere om hallo te sê hulle onthou. Kyk watter groep kon die meeste onthou.

Ons het verlede week gesels oor die belofte wat Jesus gemaak het, dat die Heilige Gees sou kom nadat Jesus op is hemel toe. Ons het gehoor dat Jesus gesê het dis beter vir ons dat Hy weggaan sodat die Heilige Gees kan kom. Na Jesus se opstanding het Hy nog 40 dae op die aarde gebly en op verskillende geleenthede aan die dissipels verskyn. Nou is dit tien dae na Jesus se hemelvaart en Pinkster. Dis tyd.

Groepwerk:

Ek het 'n paar vrae vir julle, maar ook verse waaruit julle dalk antwoorde kan kry. Kom ons kyk wie het 'n goeie antwoord vir hierdie vrae.

- Wat is Pinkster en wil ek een hê? (Levitikus 23:9-16, Handeling 2:1 kan help met die antwoord)
- Hoe het die Heilige Gees na die dissipels gekom? Het Hy geklop of 'n deurklokkie gebruik? (Handeling 2:1-4 kan help met die antwoord)
- Hoekom dink jy was dit vir Jesus so belangrik dat die dissipels die Heilige Gees ontvang? (Handeling 2:6-12, 37-39,41)

Die Heilige Gees het met groot krag gekom. Die "amazing" geskenk van God het die dissipels groot krag gegee om met ander oor Jesus te praat. Hulle kon in al die verskillende tale praat van die mense wat daar bymekaar was. Hulle het gepreek asof hulle dit al vir baie jare so doen. Drie duisend mense het daardie dag tot bekering gekom en Jesus begin volg. Op daardie dag het hulle ook die Heilige Gees ontvang. Van daardie dag was die wêreld nooit weer dieselfde nie. Die kerk (Liggaam van Christus op aarde) het ontstaan. Dit was tyd.

Voor ons afsluit met gebed, wil ek graag vir julle 'n videosnit speel wat ons vanoggend geleer het mooi saamvat.

Videosnit: Pentacost Animation

Sluit af in groepe met gebed.

50 Ways to Say Hello

1. Hi (English)
2. Dobre rano (Czech)
3. Halo (Indonesian)
4. Witaj (Polish)
5. Assalamou Alykour (Islam)
6. Hej (Danish)
7. Selam (Turkish)
8. Kalimera (Greek)
9. Word (Slang)
10. Buon giorno (Italian)
11. Howdy (Southern U.S)
12. Li-ho (Taiwanese)
13. Boas (Portuguese)
14. Shalom (Hebrew)
15. Servus (Austrian)
16. Tja (Swedish)
17. Bonjour (French)
18. Yo (Slang)
19. Ello-hay (Pig Latin)
20. Aloha (Hawaiian)
21. Konnichiwa (Japanese)
22. Zdrasti (Bulgarian)
23. What's shakin'? (Slang)
24. Selamat datang (Malaysian)
25. Namaste (Hindi)
26. Sawubona (Zulu)
27. Choni (Kurdish)
28. Hola (Spanish)
29. Privet (Russian)
30. What's Up? (Slang)
31. Ni hao (Mandarin)
32. Ahoy (Pirate)
33. Ha'u (Hopi)
34. Xin chào (Vietnamese)
35. G'Day (Aussie)
36. Ahnyong (Korean)
37. O'siyo (Cherokee)
38. Sveikas (Lithuanian)
39. Barev (Armenian)
40. Yatasay (Apache)
41. How's it going? (Slang)
42. Shwmae (Welsh)
43. Ya'at'eeh (Najavo)
44. Namaskara (Kannada)
45. Kaixo (Basque)
46. Moin (German)
47. Hei (Finnish)
48. Salaam Alekum (Arabic)
49. Dia Duit (Gaelic)
50. Jambo (Swahili)

